



21 September en 5 Oktober 2026

Tygieland-nuus

Webtuiste: www.tygies.co.za

FILIPPENSE 4:19 God sal uit sy heerlike rykdom vir julle voorsien in elke behoefte wat julle het.

PROGRAM VIR DIE WEEK

Maandag – 21 September	• Naskool: Vakansieprogram-inskrywings sluit (Inskrywingsvorm) • Playball • A+ Students • Pottebakkerie • Young Engineers • Gimnastiek • Krieket-akademie • Netbal Ninjas Akademie • Little Readers • Minikrieket (graad R): 17:00 – 18:00 (B-rugbyveld)
Dinsdag – 22 September	• Tygieland Braaidag (sien bl. 2) • EQ4KIDS (Emosionele intelligensie) • Tennisafrigting (JL's Tennis Academy) • Super Somme (graad R) • A+ Students • Krieket-akademie • Stoei (o.5 - o.6): Oefening 17:00 – 18:00
Woensdag – 23 September	• Skool sluit: Leerders ontvang verslae (sien bl. 3) • Naskool sluit normale tyd
Donderdag – 24 September	• Vakansiedag (Erfenisdag)
Vrydag – 25 September	• Geen naskool

BEGROTINGSVERGADERING MET OUERS

DONDERDAG, 8 OKTOBER OM 18:00

Voorgestelde [skoolgeld](#), -[begroting](#) en [oorsig](#) vir 2027

SKOOLVAKANSIE

Maandag – 28 September	Naskool: Vakansieprogram begin
Vrydag – 2 Oktober	Naskool: Vakansieprogram eindig

KWARTAAL 4: PROGRAM VIR DIE WEEK

Maandag – 5 Oktober	• Skool begin • Playball • A+ Students • Pottebakkerie • Young Engineers • Gimnastiek • Krieket-akademie • Netbal Ninjas Akademie • Little Readers • Minikrieket (graad R): 17:00-18:00 (B-rugbyveld)
Dinsdag – 6 Oktober	• EQ4KIDS (Emosionele intelligensie) • Tennisafrigting (JL's Tennis Academy) • Super Somme (graad R) • A+ Students • Krieket-akademie • Stoei (o.5 - o.6): Oefening (skoolsaal) 17:00 – 18:00
Woensdag – 7 Oktober	• Experi buddies • A+ Students • Super Somme (graad RR) • Krieket-akademie • Netbal Ninjas Akademie • Ballet • Little Readers • Minikrieket (graad R): 17:00 – 18:00 (A-rugbyveld)
Donderdag – 8 Oktober	• RSD (rugbyvaardighede) • Hippity Hop • Ballet • A+ Students • Tennisafrigting (JL's Tennis Academy) • Begrotingsvergadering met die ouers: Skoolsaal 18:00 • Stoei (o.5 - o.6): Oefening 17:00 – 18:00
Vrydag – 9 Oktober	🤗 SNOEPIEDAG 🤗 • Gholf • Voortrekkers: Uitslaap Museum (graad R-2)

KLEREWINKEL

Die Klerewinkel se tye vir die dag wat die skool sluit, **23 September**, is **07:00 - 09:30** en sal gesluit wees die middag. Dit open dan weer op Maandag, 5 Oktober gewone ure 07:00 - 08:00 en 12:30 - 14:30.

KURRIKULUM (21 - 23 September)

GRAAD RR

TEMA: Ons land
Liedjie: Die Volkslied
Gedigjie: Die mense van Suid-Afrika

GRAAD R

TEMA: Trots Suid-Afrikaans!
Liedjie: Afrikaners is plesierig
Gedigjie: Afrika, Afrika

BRAAIDAG BY TYGIELAND: 22 SEPTEMBER

Op **Dinsdag, 22 September** vier ons **Erfenisdag**, trots Suid-Afrikaans!

- Leerders kan **enige kleur** aantrek wat in **Suid-Afrika** se **landsvlag** is.
- Leerders kan 'n bederf-piekniekmandjie bring en elke leerder sal 'n worsbroodjie by die skool kry.
- Ons land het 'n ryke erfenis en ons is trots daarop!

Ons sien baie daarna uit om die dag saam te vier.

EISTEDDFOD BEELDENE KUNS UITSLAE 2026

Itemwenner: Marco Moolman (graad R) - Teken

SKOOL EN NASKOOL SLUIT

- Die skool sluit **Woensdag, 23 September**.
- Die **vorderingsverslae** kan tussen **07:20** en **09:00** by die klasse afgehaal word. Indien leerders hul verslae wil neem en dan vertrek, is hul welkom. Daar sal wel tot 10:00 toesig wees.
- Neem kennis:**
 - Geen akademiese program word hierdie dag gevolg nie.
 - Indien 'n leerder dié dag afwesig is, sal punte vir kwartaal 3 beskikbaar wees op die d6 App.
- Die **naskool sluit** op Woensdag, **23 September** om **17:30**. Laat weet asseblief u kind se klasjuffrou voor Maandag, **21 September** of u kind dié dag die naskool gaan bywoon. Ons wil bepaal hoeveel kos ons moet bestel vir daardie dag. Die **vakansieprogram begin Maandag, 28 September**.
- Die **skool begin** weer **Maandag, 5 Oktober**.

KURRIKULUM (5 - 9 Oktober)

GRAAD RR

TEMA: Lente
Liedjie: Dis heerlike lente
Gedigjie: Hoera vir lente

GRAAD R

TEMA: Voëls
Liedjie: Aai, aai die Witborskraai
Gedigjie: Little Penguin

TYGIELAND-TENNIS IN KWARTAAL 4 (SLEGS VIR GRAAD R)

Die Tygieland-tennis begin **Dinsdag, 13 Oktober**. Slegs die **graad R-leerders** kan tennis speel. Die tennis word gratis aangebied deur juffrouens Charmaine (organiseerder), en Tygieland-personeel. Die leerders moet 'n **junior tennisraket**, hoed, waterbottel en tekkies bring.

Die tennis sal op Dinsdae en Donderdae vanaf 08:00 – 08:45 aangebied word. Die leerders wat nie tennis speel nie of nie betyds is vir die tennis nie, sal deur die personeel, assistente en studente in die klasse opgepas word.

TYGIELAND-KONSERT: 28 EN 29 OKTOBER



TYGIELAND-KONSERT: 28 EN 29 OKTOBER (vervolg)

Tygieland hou konsert! Dit is altyd groot pret en vermaak vir almal!

- Tygieland se kleuters moet asb. elkeen **R350** vir alle konsertkostuums, dekor, rekwisiete asook die klank en beligting betaal.
- Hierdie bedrag kan eenmalig of tot einde September afbetaal word.
- **Alle gelde** moet asb. teen **einde September** betaal wees.
- Die gelde kan deur die **d6 App** onder die projek: **Tygieland-konsertklere**, inbetaal word.

Laat weet asb. u kind se **juffrou** as u kind **nie** aan die konsert **kan deelneem nie**. Ons wil nie vir kinders wat nie gaan deelneem, klere laat maak nie. Ouers sal vir dié onkoste verantwoordelik gehou word, indien die juffrou nie laat weet is nie.

- **Konsertkaartjies (SLEGS deur Quicket):**
 - Kaartjieverkope open **Donderdag, 8 Oktober** om **09:00**. Skakel: <https://gkt.io/Yl5mDw>
 - U bewys van die aankoop van kaartjies moet by die deur gewys word en geskandeer word.
- **Kleedrepetisie:**
 - Woensdag **28 Oktober** om **10:00** in skooltyd (**Geen ouers** woon die kleedrepetisie by nie).
 - Al die kleuters sal hulle kostuums vir die konsert by die skool ontvang. Die kostuums sal na die kleedrepetisie in die kleuters se tasse gesit word.
- **Konsertaande:**
 - Woensdag **28 Oktober** om 18:00.
 - Donderdag **29 Oktober** om 18:00.
- **Belangrike reëlings vir die konsertaande:**
 - Die Tygieland-klasse is in verskillende klasse by Tygieland ingedeel. Die klassimbole (bv. Beertjieklas) sal by die verskillende klasse opgesit word. Maak asb. seker dat u kind by die regte klas afgegee word.
 - Al die kleuters moet stiptelik om **17:00** by die onderskeie klasse aanmeld.
 - Daar sal vanaf 16:30 **kosstalletjies** voor die saal beskikbaar wees.
 - Die **saal** se **deure open 17:30** en konsert sal stiptelik om **18:00** begin.
 - Toegang tot die saal sal slegs deur die deure van die ingangsportaal van die administratiewe gebou wees.
 - Die kleuters kom klaar aangetrek met hulle kostuums skool toe.
 - Na die konsert stap die kleuters weer saam met die personeel van die verhoog af. Die kleuters kan dan weer by die onderskeie **klasse** waar hulle afgegee is, afgehaal word. Geen leerder mag tydens die afstap in die saal deur ouers geneem word nie. Hierdie reëling word getref vir kontrole en die veiligheid van die leerders.

NEEM KENNIS:

- **Geen leerders** of **jonger boeties** en **sussies** word voor of na die konsert **op die verhoog toegelaat nie**.
- Ouers is verantwoordelik om hul kinders in die saal rustig en stil te hou.
- **Konsertfoto's** word geneem en 'n **video-opname** word gemaak.

LET WEL:

- Die **Tygieland-naskool sluit reeds** om **16:00** vir die Tygieland-konsert (28 en 29 Oktober)
- Hierdie reëling word getref a.g.v. die Tygieland-konsert wat die onderskeie aande aangebied word.

Dankie vir u ondersteuning.